

# Oesskattings

## kry dit reg in 2006 -
## dit is in almal se belang




Van 2 tot 17 Februarie 2006 gaan veldwerkers van die Oesskattingskomitee meer as 2 000 boere in Gauteng, Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes op hulle plase besoek. Hulle sal inligting inwin oor die aantal hektaar somergewasse aangeplant en die verwagte oesopbrengste.

### Waarom word oesskattings gedoen?

Oesskattings word gedoen om 'n vroeë aanduiding te kry van die verwagte oesopbrengs van spesifieke gewasse. Dié inligting is van groot nut vir boere en ander rolspelers in die graanbedryf om te beplan vir die verkoop, vervoer, berging en bemarking van die gewasse. Die Oesskattingskomitee is 'n onpartydige bron wat probeer om vroegtydig akkurate inligting tot voordeel van alle rolspelers te verskaf. 'n Betroubare skatting verseker gelyke bedingingsmag vir die koper en verkoper en verseker dat niemand 'n onregverdige voordeel het nie.

### Hoe word oesskattings gedoen?

Die jongste tegnologie wat in Suid-Afrika se oesskattings gebruik word, is van wêreldgehalte. Saam met die inligting van boere, gebruik die Komitee ook geografiese inligtingstelsels, globale posisioneringstelsels, satellietbeelde en internet-databanke. In sommige streke word selfs mikroligte vliegtuie by die opnames betrek. Inligting van ander instansies, bv die nege provinsiale departemente van landbou, die Meulenaarskamer en die graansilo-eienaars, dra ook by tot die oesskattingsyfers.

### Wie doen die oesskattings?

Daar is verskeie organisasies wat maandeliks inligting aan die Oesskattingskomitee deurgee. 'n Konsortium, onder leiding van die Landbounavorsingsraad, is verantwoordelik vir die projek. Die projek word deur rolspelers soos Graan SA, die Meulenaarskamer en verskeie produsente-organisasies gesteun.

Die meeste veldwerkers is aktief by boerdery betrokke. Hulle is goed opgelei en sal duidelik onderskei kan word deur 'n blou en bruin pet met die woord "oesskatting" daarop. Die veldwerker sal ook in besit wees van 'n id-kaart met sy foto en registrasienommer van sy voertuig daarop.

### Watter boere word besoek?

Die 2 250 boere wat in die vier provinsies besoek word, vorm 'n steekproef wat arbitrêr gekies is. Alle inligting word 100% vertroulik beskou en word slegs vir oesskattingsdoeleindes gebruik.

Sonder akkurate en betroubare inligting van boere, kan oesskattings nie gedoen word nie! Die oesskattingsprojek word reeds die laaste vyf jaar onderneem en geniet die samewerking van 96% van Suid-Afrikaanse boere. Baie dankie!

### Waar kan ek nadere inligting bekom?


**Departement van Landbou**

Rodney Dredge
Tel (012) 319-8453
Faks (012) 319-8031
E-pos: Smas@nda.agric.za

**Landbounavorsingsraad: Instituut vir Grond, Klimaat en Water**

Terry Newby
Tel (012) 310-2587
Faks (012) 323 1157
E-pos: terry@iscw.agric.za






Crop Estimates Committee

landbou

Department:
Landbou
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA